Sondag, 15 Augustus 2021

Die Here is ons God, die Here alleen!

"Jy mag naas My nie ander gode hê nie." (Eksodus 20:3)
LUISTER ISRAEL, DIE HERE IS ONS GOD, DIE HERE ALLEEN.
(Deuteronomium 6:4)
"Die manne van Bet-Semes sê toe: 'Wie kan voor hierdie heilige God, die HERE, staande bly? Na wie toe kan die ark van ons af gaan?'" (1 Samuel 6:20)
"Rig julle hart op die Here en dien Hom alleen..." (1 Samuel 7:3b)

"...geen ander gode..." – Die eerste woord van Tien aan Moses, is nie net bedoel as 'n mooi inleiding vir godsdienstige riglyne nie. Dit is die fundamentele bousteen vir enige verhouding, enige kontak met en lewe vóór God. Indien Israel enigsins daaroor gewonder het, sou hierdie gebeure in 1 Samuel 4 tot 7 enige twyfel uit die weg ruim. Die Here is God oor vyand en vriend, en geen erkenning of ontkenning van Sy heerskappy deur mense, kan dit ooit verander nie.

Hierdie verhaal van die ark van God wat deur die Filistyne weggevoer word en dan van stad na stad gestuur word, omdat God se krag vir hulle ondraaglik word, totdat die ark vrywillig en met geskenke teruggestuur word na Israel, illustreer op grondvlak die betekenis van een van die belangrikste teologiese konsepte in die Ou Testament, nl. die heiligheid van God. Die Filistyne loop hulle vas in God se heiligheid en besef gou dat hulle en hulle gode nie opgewasse is teen hierdie God nie.

Die verrassing in hierdie verhaal is dat Israel dieselfde ervaring het. Daarom die woorde van die manne van Bet-Semes in 1 Samuel 6:20, "Wie kan voor hierdie heilige God...staande bly?" God se heiligheid is ook te veel vir sy eie mense. God is nie die eiendom van enige mens, nasie of volk nie. God is alleen God en Hy is heilig en Hy verwag dat hulle wat Hom dien, ook heilig sal wees. Israel het God probeer gebruik vir hulle eie gewin, om hulle vyande te oorwin, om vir hulle voorspoed te verseker. Gou kom hulle agter dat dit gevaarlik is om in die teenwoordigheid van die heilige God te wees as gehoorsaamheid en aanbidding nie jou suiwer motief is nie. Dit neem 'n verdere twintig jaar en 'n hartgrondige bekering, waarin Samuel die volk lei, voor daar hoop is vir Israel se verhouding met God. God is nie tevrede met halwe harte nie – nie toe nie en ook nie nou nie...

– ds. Johan Marais

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis dr. Johan Cromhout, en teol.std. Lunette Visser met die gesinsdiens in die saal.
Die diens is as gevolg van omstandighede buite ons beheer nie vooraf opgeneem nie, maar daar sal ná die erediens in die kerk wel 'n opname beskikbaar wees en langs die gewone kanale en YouTube na almal uitgestuur word.

LITURGIE

Votum:	Lied 169:1&2 Heilig, heilig, heilig 1 Samuel 2:2
Seëngroet:	
Loflied:	Lied 200:1,2&3 U goedheid, Heer, kan ons nie peil nie
Verootmoediging:	Eksodus 20:1-17 Lied 241:2 Troue Here van my lewe
Genadeverkondiging:	
Gebed:	
Skriflesing:	1 Samuel 5:1-7 & 10-12; 6:1-5 & 10-14; 6:19-7:4
Woordverkondiging:	Tema: Die Here is ons God, die Here alleen!
Gebed:	
Slotlied:	Ps. 48:1&3 Lofwaardig, groot is God die Heer
Seënbede	
Orrelnaspel	

Met besondere dank aan Dr. Johan Cromhout, Ampie Human, Danie Joubert, RW Adendorff, Lize van Wyk (blomme), Adri van den Berg en Rita van Zyl vir jul bydraes om die opnames en uitsending moontlik te maak.

Ander Eredienste:

Sondag, 15 Augustus	15:00 – teol.std. Steve Bopane (Sothodiens).
Sondag, 22 Augustus	09:30 – ds. Johan Marais (Nagmaal); gesinsdiens in die saal – ds. Jan Lubbe. 16:30 – Jeugbyeenkoms.

Ná die verligting in Covid 19-inperkingsregulasies na Vlak 3, kan ons weer 50 lidmate per erediens terug ontvang soos hierbó uiteengesit. Elke week nooi ons die ander helfte van die gemeente na die erediens in die kerk (22 Augustus: Wyke 1, 4-7, 16 tot 20 oos en noord van die kerkgebou). Gesinne met kleiner kinders is welkom in die kerksaal. Ons gee reëlings ook per sms deur; bly dus so op hoogte.
Die gewone veiligheidsreëlings van kom gesond, met jou masker en handreiniging by die kerkdeur, bly geld.

Ds. Jan en familie het in die afgelope week blootstelling aan die Covid-virus gehad, en Hanneke het positief getoets. Hulle is gevolglik in isolasie en moes ons Sondagprogram noodgedwonge verander. Die Nagmaal by Siësta en die wyksbyeenkoms van vanmiddag is uitgestel tot verdere kennisgewing.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

15 Aug	Chris Bekker, Irene Breedt, Susette Coetzer, Christine Nel, Dave Samuel.
16 Aug	Chantel Coetzee, JP Jonker, Pieter Joubert, Naas v Wyk, Ben Vermeulen.
17 Aug	Abi Barnard, Juno Carstens en Rhona Lategan.
18 Aug	Felicity Borcherds en Greta Maschke.
19 Aug	Rina Claassens.
20 Aug	Andriëtte Lups, Laurika Pansegrouw en Christa Rossouw.
21 Aug	Mandie Cilliers.

Ons dink in hierdie dae van nood, in ons gebede aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Hermien Davel (Santé 68, wyk 18b); Koos van Vuuren (Winterstr. 27, wyk 6b); Hanneke Lubbe (Ray Championstr. 8, wyk 12a); Dirk Nel (Maxzell 2, Kolbelaan, wyk 13a); Duan Kymdell (Mockestr. 2, wyk 9a); Oom Charl Marais (Kiepersol Oord 12, wyk 16); Nico Wilson (Albrechtstr. 122, wyk 7a); Tannie Hannetjie van Schalkwyk (Siesta, wyk 10); Conna Lups (Deanelaan 15, wyk 20a); Marlian Schutte (Mockestr. 20, wyk 9b) en Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a).

As gemeente treur ons saam met hulle wat treur, en bid ons vir almal wat siek is of nog herstel van Covid-19; vir almal wat onder groot ontwrigting van hierdie pandemie ly. Ons dink opnuut aan dokters en verpleegpersoneel, en aan die skole in ons stad. Ons bid dat julle moed sal hou...

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

'n Mannegebedsgroep tree in vir ons gemeente, land en mense. Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) as jy graag die gebedsversoeke wil ontvang.
Sondagoggend 08:30 is daar lidmate wat saam bid vir ons eredienste in Berg-en-Dal en die Woordverkondiging Wêreldwyd; jy kan net daar by jou huis ook só stilword…
Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep het met 'n nuwe reeks oor die Psalms en ander liedere in die Bybel begin, *"Voor die aangesig van God..."* (samelopend met die eredienste oor die koningsverhale uit 1 en 2 Samuel). 'n Kort video, werksbladsy en stemboodskap met inligting word Woensdagaande per w/a na jou gestuur. As jy wil inskakel, kontak ds. Jan by 082 784 9362.
Die Donderdagoggend-Bybelstudiegroep het ook weer aanlyn hervat. Tema: *Wanneer God beeldryk oor sy kerk praat...* Kontak gerus vir ds. Johan (084 517 8052).

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:

Wyke 1-10	– ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20	– ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir ondersteuning of gesprek is, kontak ons gerus.

Weens die Covid-risiko is ds. Jan in isolasie vir die volgende week, en sal afsprake moontlik weer DV op Maandag, 23 Augustus hervat.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee:
In Augustus sorg **Wyke 7** (Blok tussen kerkgebou, Preller Plein en Emily Hobhouse Plein) en **8** (Blok Noord van Emily Hobhouse Plein) vir ons bediening van gasvryheid, sorg en omgee – indien jy wil help, skakel Rita (083 656 1680) of die kantoor.

Kantoorure:
Die kerkkantoor is weer elke weeksoggend vanaf 09:00 tot 13:00 oop – Maandae, Woensdae en Donderdae is Rita van Zyl in die kantoor aan diens; Dinsdae en Vrydag-oggende is Adri v/d Berg aan diens. Alle personeel is egter per foon of epos bereikbaar.

POPI-Wet oor die beskerming van persoonlike inligting:
Ons is tans besig om toestemmingsbriewe van alle lidmate te bekom vir die versameling, uitsluitlike gebruik en bewaring van u basiese persoonlike inligting. Daar is vorms in die kerkkantoor beskikbaar wat u net kan kom onderteken, of u kan dit ook elektronies doen – die nodige vorm word na u foon versend. Baie dankie vir almal se samewerking in hierdie verband.

BEDIENINGE

Bedieningsvergaderinge:
Ons bedieningsvergaderings het die afgelope week afgesluit. Op Maandagaand, 16 Augustus om 17:30 vergader die Komitee vir Geldsake, en op 23 Augustus die bestuursraad. Die Kerkraadsvergadering is vir Sondagaand, 5 September geskeduleer.

Jeugbediening: Kategese
Ons kategese gaan elke Sondag versigtig en sover moontlik voort. Ons nooi alle seniors/tieners (Gr. 5 tot 11) na ‘n jeugbyeenkoms, Sondagmiddag 22/8 om 16:30...

Getuienisbediening: Noodleniging in Natal en Naby
Bydraes tot die noodleniging saam met ds. Francois Maritz en die Pietermaritzburg-gemeente is steeds welkom, asook vir die Noodfonds van die NGK VS om brandskades te help verlig. **Komberse, beddegoed** en **nie-bederfbare kruide-niers** kan na die kerkkantoor gebring word; kontantbydraes kan na ons gemeenterekening oorbetaal word, verwysing Noodfonds. Dan het ons ook 40 leë bottels beskikbaar wat dadelik met die sopmengsel gevul kan word, maar ons kort die bestanddele – help asb. en bring na die kerkkantoor. Daar is ook nog van die ENGO-penne agter in die kerk beskikbaar; neem ‘n koevertjie en ondersteun ook hul deurlopende noodleniging aan behoeftiges.

Werkersklas: Weens huidige omstandighede (Covid) is besluit om ons werkersklas eers weer aan die begin van 2022 te hervat – ons is jammer vir die onderbreking.

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES

Erediens- en deurkollektes, saam met u dankoffer, hou ons eredienste en bedieninge in stand, help met noodleniging en betaal ons ook elke Sondag ‘n bedrag van R 500 oor aan die instansie soos op die program vir deurkollektes vermeld (15 Augustus: Gemeentehulp).

Jy kan ‘n kollekte of dankoffer na Berg-en-Dal oorbetaal, via die internet (eft) na **ABSA Tjekrek. 470-580-011** of per snapscan –
Baie dankie vir jou bydrae en gebed, en leef met ons visie:
Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig...